VOLUME 2/2008

NOVEMBER 2008

HOËRSKOOL

# STRUISIEBONDER

# IRENE SAKEVROU VAN FORMAAT

**In die Suid-Kaap het die name Irene Vermeulen en sakevrou al sinoniem geword en gaan ons beslis nog baie van hierdie oudStruisie, energieke moeder en entrepreneur hoor.**

In 1983 matrikuleer Irene Janse van Rensburg as koshuisleerder in Huis Naudé - eers onder meneer Carstens en later meneer Niel van Zyl. Sy neem aan netbal en atletiek deel en was altyd op soek na 'n uitdaging. Sy werk eers by Sanlam in 1984 en in 1985 by Barclays Bank. In 1987 sien sy as entrepreneur haar eerste geleentheid. Sy koop 'n bankrot doodskisfabriek. Dit gaan aanvanklik baie swaar, maar sy het geen ander keuse gehad as om 'n sukses daarvan te maak nie. Om haar besigheid te diversifiseer, koop sy by Koning van Rensburg 'n ou Peugeot 504-stasiewa - haar eerste lykswa!


IRENE VERMEULEN

Irene, wat die enigste vrou in Suid-Afrika is wat 'n krematorium besit [George], is die eienaar van Olivier & Vermeulen Begrafnisdienste met takke in Oudtshoorn en George. Sy het pas HS Perks & Seuns in Knysna vir R6,8 miljoen gekoop.

Sy is ook een van die stigtingsdirekteure van die vrouebemagtigingsmaatskappy wat beoog om die langste en hoogste kabelspoor in Afrika in die Outeniquaberge te bou. Dit sal uitsluitlik deur vroue opgerig en bedryf word. Slegs vroue mag aandele besit.

Hierdie teruggetrokke sakevrou met 'n sagte hart is baie gemeenskapbetrokke. Sy dien ook op die bestuur van die Struisiebond. Dit is niks ongewoon om te hoor Irene het 'n begrafnis gratis vir hulpbehoewende mense gedoen nie. Volgens Irene het sy 'n "craze" om ander mense te help.

***Struisieland is baie trots op nog 'n oudStruisie se suksesverhaal. Ons wens haar alles van die beste toe vir die toekoms.***

PROUDLY Struisie TROTS
TEL: 044 279 1623
www.oudhs.co.za

**IN HIERDIE UITGAWE**

| | |
|---|---|
| Van die voorsitter | 2 |
| Fotobeeld van reünies | 2 |
| Gita bou voort | 3 |
| Memories... | 3 |
| Kort nuus | 3 |
| Springbokkeurders | 4 |
| Beijing-Struisie | 4 |

**Vir die 2009-kalender...**

| | | |
|---|---|---|
| 21 | Jan | Skole open |
| 24 | Mrt | OSCHAS |
| 4-11 | Apr | KKNK |
| 25 | | Sportdag v Volkskool [W] |
| 16 | Mei | Sportdag v Gim [T] |
| 23 | | Sportdag v Brandwag[T] |

# *Uit die pen van die voorsitter...*


MANIE OLIVIER

**Graag wil ek van hierdie geleentheid gebruik maak om al ons oudleerders, ouers, onderwysers, borge en instansies te bedank vir hulle betrokkenheid en belangstelling by ons skool.**

**Die sukses van ons skool in toe te skryf aan hierdie trotse Struisiefamilie.**

**Ek wil dan ook weer 'n beroep doen op alle oudStruisies om betrokke te raak by die Struisiebond en Towers Trust Inisiatief.**

**Mag dit vir een en elk van u 'n Geseënde Kerstyd wees. Geniet die vakansie en mag daar net voorspoed en vrede vir ons in 2009 wag.**

**Groete.**

**Manie**

Towers trust inisiatief
Maak u bydrae en help bou ons skool verder uit!

PROUDLY Struisie TROTS
TEL: 044 279 1623
www.oudhs.co.za

# FOTOBEELD VAN DIE AFGELOPE REÜNIES








STRUISIEBOND
TTi
TOWERS TRUST











# MEMORIES...



**Wie onthou nog die bitter sweet wat in die landboutuin gestort is? Hier wys die manne hoe dit gedoen moet word onder die wakende oog van meneer Hugo Spreeth.**

# KORT NUUS ...

- **Meneer Koos Carstens van Biologiefaam het in Oktober 'n terugslag met sy gesondheid gehad. Tans sterk hy goed aan.**
- **Meneer Bernie Deacon se vrou, Tina, het 'n ernstige operasie ondergaan. Struisiebond wens haar 'n vinnige herstel toe.**
- **Struisiebond se meegevoel is ook met me Lauren Milne met die onlangse afsterwe van haar vader.**



**50-jarige reünie vir Boys' Highers**

**Die matrieks van 1958 het Saterdag 15 November hulle reünie gehou. Dit is gereël deur mnr Johannes Lombard.**

### REUNIONS / REÜNIES

**Die Struisiebond moedig alle oudStruisies aan om betrokke te raak by hulle jaartal se reünies. Waar Struisiebond kan, ondersteun dit die organiserende komitees om hulle onderskeie reünies te reël en om logistieke hulp aan te bied en advies te gee.**

**Kontak gerus die Struisiebond by 044-2791623 of 082-7734901 of struisiebond@oudhs.wcape.school.za**

**Gaan asseblief na Struisies se webtuiste [www.oudhs.co.za] en voltooi die aanlyn-inligtingsvorm**

**Lees jou STRUISIEBONDER op www.oudhs.co.za**

# GITA BOU VOORT OP STRUISIES SE "MOOI"-TRADISIE...



GITA OLIVIER

**Gita Olivier het weer eens bewys dat Struisieland nie net *par excellence* op akademiese vlak is nie - Hoërskool Oudtshoorn sit beslis in die voorste gestoeltes as dit kom by titels vir beeldskones.**

Sy beweeg in goeie geselskap, want Wilma van der Bijl [Mej Suid-Afrika] en Bertha le Roux [Mej SA Tiener] is ook produkte van Struisieland.

Sy is in Maart 2008 gekroon as Mej CPUT na 'n strawwe kompetisie waar dit oor veel meer as net mooiheid gegaan het. Boonop het sy ook nog aktief aan hokkie deelgeneem.

Gita is tans 'n tweedejaar-onderwysstudent aan CPUT se Wellingtonkampus. Sy volg in die voetspore van haar ouers, Manie en Rhonda Olivier, wat albei onderwysers is: Manie by Laerskool Van Reede en Rhonda was by Laerskool Wesbank op Oudtshoorn.

**Struisiebond wens Gita alles van die beste toe.**



# SPORT


HOËRSKOOL
OUDTSHOORN
HIGH SCHOOL

STRUISIEBOND
Posbus/P.O.Box 194
OUDTSHOORN 6620

Tel : 044-2791623
Fax: 044-2725365
Email :
struisiebond@oudhs.wcape.school.za


## STRUISIEBOND

PROUDLY Struisie TROTS
TEL: 044 279 1623
www.oudhs.co.za




**STRUISIES is seker die enigste skool in die land wat twee SA Atletiekkeurders opgelewer het - en dit nogal gelyktydig! Beide van hulle het ook Springbokkleure vir atletiek ontvang. Op die foto staan hulle langs mekaar: De Villiers Lamprecht en Owen van Niekerk.**

**ENB KWAGGADAG 2009**
**8 AUGUSTUS**
**Tref nou reeds jou reëlings vir hierdie GROOT geleentheid !**



ISABEL LE ROUX

### STRUISIES SE BEIJING-STER

Alhoewel Isabel le Roux, Struisies en SWD se eerste Olimpiese atleet, nie die finaal in die 200m gehaal het nie, het dit haar net in 'n ander liga geplaas en is sy tans hard besig om vir die 2012 Olimpiese Spele in Londen voor te berei.

Isabel is tans 'n student aan TUKS en vorm deel van 'n uitsoekgroep atlete wat by die HPC oefen.

Sy tree ook in Desember 2008 op as die gasspreker by die Groter Oudtshoorn Sporttoekenningsfunksie.

## ERIK SE GHOLFTOEKOMS

**Daar wag groot dinge vir Erik van Rooyen, Struisies en Suid-Kaap se gholfster. Hy beplan om vir die volgende 4 jaar gholf sy eerste prioriteit te maak.**

**Die eerste 6 maande van volgende jaar is hy permanent op Fancourt se bane waarna hy hopelik sy loopbaan in die VSA gaan bevorder. *Struisieland hou sy vordering dop.***

Struisiebond

wens almal
'n geseËnde kersfees
&
Voorspoedige nuwe
jaar toe






# STRUISIEBOND

## HOËRSKOOL OUDTSHOORN HIGH SCHOOL

POSBUS/ P.O.BOX 194 OUDTSHOORN 6620

TEL 044-2791623 e.mail : struisiebond@oudhs.wcape.school.za

**LIDMAATSKAPVORM / MEMBERSHIP FORM**

***DUI AAN MET X / INDICATE WITH X***

**OUDSKOLIER / EX-SCHOLAR** ☐ **ONDERSTEUNER / SUPPORTER** ☐ **OUDONDERWYSER / EX-TEACHER** ☐

**VAN / SURNAME :** ________________________________________________

**NOOIENSVAN / MAIDEN NAME :** ________________________________

**VOORNAME / FIRST NAMES :** ____________________________________

**ADRES / ADDRESS :** ______________________________________________

________________________________________________________________

**KODE / CODE :** _______________

**e-pos / e.mail :** __________________________________________________

**TEL: KODE/CODE :**_________**NR/NO :**_____________________________

**MATRIEKJAAR / MATRIC YEAR :** ________________________________

**LEDEGELD / MEMBERSHIP FEE : R50 p.a.**

**BETALING / PAYMENT : TJEK / CHEQUE :** ☐

**DIREK / DIRECT :** ☐ **STRUISIEBOND, NEDBANK, OUDTSHOORN, 1626 020930**